Die Toyota Tazz oomblikke voor die ongeluk.

Toeskouers skarrel om weg te kom.

Neels Stols (in die rooi baadjie) beland op die enjinkap.

Neels Stols soos hy vandag lyk. | FOTO: THAPELO MAKHAPELA



Jim Malupe eis ook. | FOTO: THAPELO MAKHAPELA

Mans eis ná ongeluk by ren

Hulle sê organiseerders en bestuurder was nalatig

Stols trek deur die lug.

Jeanne-Marié Versluis

Dit lyk soos 'n toneel uit 'n fliek. 'n Motor jaag in 'n stofwolk tussen die mense in. 'n Man in jeans en 'n rooi hemp vlieg deur die lug.

Dit is hy op daardie foto, weet Neels Stols (62). Maar daardie dag vyf jaar gelede toe sy lewe in 'n oogwink by 'n motortydren verander is, het hy genadiglik van niks geweet nie.

Hy het drie weke later eers sy bewussyn herwin.

Nou hoop dié ketelmaker van eMalahleni (Witbank) om skadevergoeding van meer as R1,1 miljoen te kry van die Padongelukkefonds (POF), die Highveld-motorklub en Motorsport Suid-Afrika (MSA).

Jim Malupe (51), 'n motorwerktuigkundige wat by hom gestaan het toe die motor hulle tref, eis ook R1,1 miljoen.

Hul saak word in die komende week in die hooggeregshof in Pretoria aangehoor.

Maar die organiseerders van die tydren gaan aanvoer hulle kon nie so 'n dramatiese ongeluk op 'n reguit stuk pad voorsien het nie.

Die Toyota Tazz van die Pretoriase renjaer Shaun Parsons het daardie dag by die Hencommotortydren op die teerpad die pad byster geraak. Stols het uit die pad probeer kom, maar die motor het hom getref. Sy ribbe is gebreek, sy long geperforeer, 'n groot deel van sy linkeroor is afgeskeur en hy het 'n breinbesering opgedoen.

Albei Malupe se bene is gebreek op 'n paar plekke en hy het onder meer ook kop- en rugbeserings opgedoen.

Stols en Malupe hoop die POF sal hulle vergoed omdat die bestuurder van die Tazz "nalatig" was deur in die omstandighede te vinnig te ry. Maar die POF ontken dat hy nalatig was.

Die twee mans beweer ook die klub en MSA was nalatig omdat hulle toegelaat het dat toeskouers te naby aan die renmotors kan kom. Daar was glo nie genoeg beamptes om mense van die voertuie "weg te hou nie". Stols en Malupe sê daar was nie genoeg en duidelike waarskuwings oor die gevare vir toeskouers "selfs op reguit gedeeltes van die baan" nie.

Maar volgens hofstukke sê Willem du Plessis, 'n kenner van tydrenne, 'n reguit stuk pad soos die een waar die ongeluk gebeur het, hou gewoonlik nie 'n gevaar vir toeskouers in nie.

"Daar was nog nooit voor hierdie voorval 'n soortgelyke botsing waar 'n voertuig beheer verloor het op 'n reguit stuk teerpad nie," sê Du Plessis.

"Die botsing is so ongewoon dat dit nie voorsien kon word of voorsien moes gewees het deur die organiseerders van die tydren nie. Daar is niks ongewoon daaraan dat toeskouers langs 'n reguit stuk pad na 'n tydren kyk nie." Volgens hom sou meer amptenare of bykomende waarskuwings dus geen verskil gemaak het nie.

Die firma Marais Basson Ingelyf tree vir die eisers op.